# DIE DETERMINISTIESE STANDPUNT IN DIE SOSIOLOGIE

## REDE

by die aanvaarding van die Professoraat in die Sosiologie aan die Universiteit van Pretoria uitgespreek op 8 September 1937

*deur*

G. CRONJÉ, M.A. (Stell.), Litt. et Phil. Dr.
(Amsterdam).

Pretoria
1937

Wallachs', Pta.—3400
Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE DETERMINISTIESE STANDPUNT IN DIE SOSIOLOGIE

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

*Reeks IV.: Intreeredes, No 10.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE DETERMINISTIESE STANDPUNT IN DIE SOSIOLOGIE

# REDE

by die aanvaarding van die Professoraat in die Sosiologie aan die Universiteit van Pretoria uitgespreek op 8 September 1937

*deur*

G. CRONJÉ, M.A. (Stell.), Litt. et Phil. Dr. (Amsterdam).

Pretoria
1937

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*Meneer die Rektor,*

*Kollega's van die Senaat,*

*Dames- en Herestudente,*

*Dames en Here.*

Dit is u bekend dat die sosiologie as wetenskap betreklik jonk is en eers kort gelede sy intrede gedoen het in die akademiese wêreld, waar dit naas en te midde van die ouere wetenskappe 'n eie plek gekry het. Wat die Suid-Afrikaanse universiteite betref, is hierdie wetenskap iets van slegs die afgelope paar jaar; en van die begin van hierdie jaar af bestaan vir die eerste keer 'n professoraat in die sosiologie aan hierdie Universiteit. U sal dit vandag seker van my verwag dat ek by die aanvaarding van hierdie professoraat 'n uiteensetting sal gee van my algemene sosiologiese standpunt. Dit is dan ook wat ek my ten doel stel, en wel aan die hand van die behandeling van die onderwerp: „Die Deterministiese Standpunt in die Sosiologie."

Om mee te begin kan in die algemeen gekonstateer word dat die sosiologie as wetenskap te make het met die sosiale realiteit en met die mens binne daardie realiteit. Nou is dit egter juis die vraag op watter standpunt die sosioloog hom moet stel indien hy dié gebied met sy spesifieke verskynsels op 'n wetenskaplik juiste wyse wil bestudeer.

Wil ons die maatskaplike werklikheid sosiologies benader, dan moet ons m.i. die menslike persoonlikheid binne die maatskaplike samehang as uitgangspunt neem. Hierdie opvatting moet beklemtoon word, omdat dit onteenseglik waar is dat die sosiologie dikwels die mens en die menslike te veel uit die oog verloor het, en gevolglik die aard van die menslike samelewing en die verband en wisselwerking tussen die individueel-menslike en die maatskaplike nie in die juiste lig gesien het nie. Daar is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

selfs vandag nog sosioloë wat meen dat hulle net met die sg. „bloot maatskaplike" te make het, en nie b.v. ook met die menslike-binne-die-sosiale-verband nie.

Die sosioloog sien die mens nie as 'n sg. „enkeling" nie maar as 'n persoonlikheid in 'n maatskaplike samehang. Wil hy die mens op hierdie wyse benader, dan moet hy egter eers teruggaan tot die erflike ondergrond van die persoonlikheid, d.i. die aangebore aanleg of kompleks van samehangende potensies waarmee die mens gebore word en wat reeds voor sy geboorte aan die ontwikkel was. Ons praat hier van *potensies* om daarmee aan te dui die inherente moontlikhede en hoedanighede wat in die aangebore aanleg van die mens aanwesig is.

In die menslike persoonlikheid as totaliteit is daar wel niks aanwesig wat vir die beoefenaar van die sosiologie nie regstreeks of onregstreeks van belang is nie. Hy sal hom egter tog nie met alle sye van die aard en lewe van die mens op dieselfde wyse en in gelyke mate besighou nie, omdat hy hom dan onnodig sal begewe op die terrein van sy aanverwante wetenskappe wat op hulle gemeenskaplike gebied, nl. die mens en die samelewing, hulle arbeidsverdeling en wedersydse aanvulling vind. In die algemeen kan gesê word dat die sosioloog met die mens te make het in soverre die menslike verband hou met en lig werp op die maatskaplike en in soverre die maatskaplike inwerk op die persoonlikheidsproses van die mens.

Kom die sosioloog aldus voor die mens te staan, dan lê vir hom die grootste gewig op die beskouing dat die mens van nature 'n maatskaplike wese is. Dit kan nie tot my taak gereken word om by hierdie geleentheid die talryke bewyse daarvoor aan te voer dat daar binne die kompleks van samehangende menslike potensies ook die sosiale potensie aanwesig is nie, en dat die mens dus, kragtens hierdie besondere aanleg, 'n voortdurende saamlewe met ander aardgelyke wesens soek. Hier moet, binne die korte tyd tot my beskikking, volstaan word met te beklemtoon dat hierdie beskouing in die sosiologie so fundamenteel is dat dit as 'n postulaat bestempel kan word. Elke sosiologiese standpunt sal wesenlik anders moet wees wanneer die mens nie op wetenskaplike gronde as 'n wese met 'n aangebore sosiale aanleg beskou kan word nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die maatskaplike aanleg van die mens beteken dat hy eers werklik-sosiaal word wanneer hy in 'n voortdurende gemeenskapsverband met ander aardgelyke wesens lewe. Dus, die potensieel-maatskaplike kan die reëel-maatskaplike word, eers wanneer die draer van die sosiale potensie deel het aan 'n voortdurende menslike saamlewe. Wanneer daar aldus, op 'n verskeidenheid van lewensgebiede en in 'n veelheid van lewensverhoudinge, 'n voortdurende verband en wisselwerking tussen potensieel-maatskaplike wesens ontstaan het, dan bestaan die sosiale realiteit. Ons sien die samelewing dan as iets wat teruggevoer kan word daartoe dat individueel-menslike sosiale potensies in daardie verband en wisselwerking verwerklik geword is tot 'n bowe-individuele sosiale realiteit. Wat dus as die mees primêre en fundamentele faktor ten grondslag lê aan die ontstaan, die bestaan en die voortbestaan van ons samelewing, d.w.s. die maatskaplike werklikheid, is die sosiale potensie wat in die aangebore aard van die individuele mens aanwesig is.

Dit sou egter eensydig wees om te beweer dat die sosiale drang die enigste faktor in die komplekse menslike aanleg is wat betekenis dra ten aansien van die ontstaan en veral die bestaan van die samelewing. Natuurlik is in daardie aanleg ook ander faktore aanwesig wat deur 'n versterkende en sekundêre werking vir die lewe en instandhouding van die gemeenskap van groot gewig is, soos die geslags- en voortplantingsfaktore, die faktore van stoflike versadiging en selfbehoud, die sedelike en godsdienstige faktore, e.d.m.

Die maatskaplike werklikheid wat aldus tot stand gekom het, is iets meer en iets anders as 'n blote konglomeraat van individuele mense sonder 'n onderlinge *maatskaplike* verband. Die samelewing is die sosiale subjek wat wel bestaan in en gedra word deur individueel-menslike subjekte maar tog kenmerkend bowe-individueel is.

Vanuit hierdie standpunt kan die innige en wesenlike samehang tussen die individueel-menslike en die maatskaplike na vore gebring word. Die maatskaplike werklikheid wortel in en kan in sy wording teruggevoer word tot die aangebore aanleg van die mens, maar die individueel-menslike potensies kan alleen binne 'n voortdurende maatskaplike verband tot 'n so



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

groot moontlike ontwikkeling en verwerkliking geraak. Sonder individuele mense kan daar natuurlik geen sosiale realiteit wees nie, maar sonder die samelewing kan daar ook geen werklike mense wees nie. So onverbreeklik is die samehang tussen die individueel-menslike en die maatskaplike dat die een wel van die ander onderskei maar nie geskei kan word nie. Dit is ook in hierdie gedagtegang dat ons 'n juiste insig kan kry in die voortdurende wisselwerking tussen die individueel-menslike en die maatskaplike waarsonder die persoonlikheids- en maatskaplike ontwikkeling nie wetenskaplik begryp en verklaar kan word nie.

Elke vertakking van die wetenskap, en met name die geestes- en maatskappywetenskappe, wat met die lewens- en ontwikkelingsproses van die mens te make het, moet ten volle daarmee rekening hou dat die individuele mens binne 'n op hom inwerkende maatskaplike en natuuromgewing lewe en dat hy steeds binne daardie bepaalde omgewingsamehang bestudeer moet word. Daar bestaan immers nie so iets soos 'n mens-op-sigself nie. Ons ken alleen die mens soos ons hom steeds in 'n bepaalde omgewingsamehang aantref. Binne dié samehang moet dan weer duidelik onderskei word tussen die natuuromgewing en die maatskaplike omgewing.

Sonder om hier op die gronde daarvoor in te gaan, mag tog gekonstateer word dat die mens aan sy maatskaplike omgewing veel nouer verbonde is as aan sy natuuromgewing en dat gevolglik sy maatskaplike omgewing op sy persoonlikheidsontwikkeling 'n veel meer direkte en bepalende inwerking het as sy natuuromgewing. Hierdie stelling geld ook in steeds groter en sterker mate met die voortgang van die maatskaplike ontwikkeling. Die natuuromgewingsfaktore word meer en meer van sekundêre betekenis in die persoonlikheids- en maatskaplike prosesse.

Uit hierdie standpunt wek dit inderdaad verbasing dat dit vandag nog nodig is om die stelling te beklemtoon dat die mens nooit as 't ware uit sy maatskaplike omgewing gehaal en daarbuite, b.v. in 'n laboratorium, „ontleed" en afdoende „verklaar" kan word nie. Niemand kan hom met reg verstout om te beweer (soos die ouderwetse en eensydige eksperimentele



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

psycholoog sonder sosiologiese insig b.v. wil doen) dat hy die mens, afgesien van en buite sy maatskaplike verband, juis en volledig kan beskrywe en verklaar nie. Die sosiale werklikheid waarbinne die mens lewe, het op elke aspek van sy persoonlikheidsproses 'n bepalende inwerking. Wie dus die lewensproses van die mens noukeurig wil beskrywe en verklaar, moet ook in staat wees om die aard en omvang van die inwerking van die maatskaplike omgewing na te gaan en vas te stel.

Elke individuele persoonlikheid is vanaf die bevrugting en veral vanaf die geboorte gedurig in 'n bepaalde rigting aan die verander. Ons noem dit die lewens- of ontwikkelingsproses, of, nog beter, die persoonlikheidsproses. Hierdie proses is nie 'n toevallige of willekeurige gang nie maar juis 'n kontinue ontwikkeling wat teweeggebring word deur bestendige en naspoorbare faktore en wat gevolglik as sodanig noukeurig beskrywe en oorsaaklik verklaar kan word.

Uit die aard van die saak is noukeurige beskrywing en oorsaaklike verklaring moontlik alleen waar daar 'n bepaalde kausaliteit bestaan, d.w.s. waar die verskynsel deur konstante en bestendige faktore teweeggebring of gedeterminer word. Ten aansien van die bestudering van die persoonlikheidsontwikkeling van die mens geld hierdie stelling juis as onbetwisbaar. Wie sig hier nie bewus op 'n besliste deterministiese standpunt stel nie, kan die persoonlikheidsproses nie noukeurig beskrywe en oorsaaklik verklaar nie. Die onhoudbare leer van die indeterminisme kan in hierdie verband nooit op iets positiefs uitloop nie.

Waarskynlik sal u nou wil weet wat dan van die eeue-oue vraagstuk van die wilsvryheid word. In die belang van hierdie uiteensetting sal dit ook die beste wees om dit maar dadelik in oënskou te neem.

Laat my duidelik sê dat dit vir die sosioloog, vanuit 'n deterministiese standpunt, hoegenaamd geen saak maak of die wil van die mens as vry of as onvry bestempel word nie. Diegene wat hulle nog met hierdie afgesaagde en vrugtelose vraag-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

stuk wil besighou, kan dit gerus maar doen. Die sosioloog sal graag daarbuite bly omdat dit 'n vraag is wat in hierdie ouderwetse terminologie in sy deterministiese denkwyse nie eens ter sprake kom nie.

Die sosioloog ontken natuurlik nie dat die mens 'n wil het nie. Die wilsaanleg is egter maar net 'n deel van die persoonlikheidsaanleg en die wilsproses is niks anders nie as 'n integrerende deel van die persoonlikheidsproses as totaliteit. As sodanig moet dit dan ook bestudeer word. Daar is geen ander moontlike wetenskaplike benaderingswyse nie. Die persoonlikheidsproses word in sy kontinuïteit teweeggebring deur bestendige en konstante faktore. Dieselfde geld van die wilsproses. Die persoonlikheidsproses kan alleen vanuit 'n deterministiese standpunt wetenskaplik benader word. Dieselfde geld van die wilsproses.

Aanvaar ons hierdie deterministiese standpunt, dan is dit klaarblyklik nie meer vir ons die vraag of die wil vry of onvry is nie. Dit is dan net die vraag of daar so iets soos wilskausaliteit is. Hierdie vraag kan beslis nie ontkennend beantwoord word nie. Wilskausaliteit is daar en dit is deel van die komplekse persoonlikheidskausaliteit.

Op hierdie deterministiese standpunt ten aansien van die bestudering van die persoonlikheidsproses moet nader ingegaan word, veral om langs dié weg aan die lig te bring wat die besondere taak van die sosiologie in hierdie verband is. Die vraag moet dan beantwoord word waarin die persoonlikheidskausaliteit eintlik bestaan.

Die menslike persoonlikheidsproses is 'n synthese van drie onderskeibare maar tog samehangende prosesse, nl.

ten eerste, die proses van die natuurlike ontwikkeling van alle aangebore potensies en hoedanighede in hulle onderlinge samehang en wisselwerking;

ten tweede, die proses van die inwerking van invloede uit die maatskaplike en die natuuromgewing waarbinne die mens lewe; en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ten derde, die proses van die innerlike, psychiese verwerking van die invloede wat uit sy hele omgewing op die mens inwerk.

Hierdie drie prosesse kan onderskeidelik teruggevoer word tot drie komplekse van faktore, nl.

ten eerste, die individuele aanlegsfaktore;

ten tweede, die maatskaplike en die natuuromgewingsfaktore; en

ten derde, die faktore van die innerlike, psychiese werksaamheid.

Die onderskeie gekompliseerde prosesse en faktore kan en moet natuurlik verder ontleed word, maar binne die bestek van hierdie uiteensetting kan dit ongelukkig nie gebeur nie. Volstaan moet word met te konstateer dat die menslike persoonlikheidsproses enersyds in 'n bepaalde sin selfveroorsakend is deurdat die aangebore potensies en hoedanighede wat in die erflike ondergrond van die persoonlikheid aanwesig is, langs natuurlike weg ontwikkel en tot verwerkliking geraak; maar dat andersyds daardie natuurlike ontwikkeling en verwerkliking altyd plaasvind te midde en onder die inwerking van die invloede uit die maatskaplike en die natuuromgewing.

Reeds is die aandag gevestig op die wesenlike samehang tussen die individuele persoonlikheidsrealiteit aan die een kant en die bowe-individuele maatskaplike werklikheid aan die ander kant. Hierdie samehang sou volkome niksseggend wees indien daar tussen die genoemde twee realiteite, waarvan die een nie sonder die ander bestaanbaar en denkbaar is nie, geen gedurige wisselwerking en wedersydse beïnvloeding plaasvind nie. En juis daarom is dit so noodsaaklik dat daar 'n juiste insig moet bestaan in die aard van die samehang en wisselwerking tussen die individueel-menslike en die maatskaplike.

Die rol wat die individueel-menslike faktore in die maatskaplike ontwikkelingsproses speel, sal later ter sprake kom. In hierdie verband word die ander sy van die samehang na vore gebring, nl. die inwerking van die maatskaplike omgewing op die menslike persoonlikheidsproses.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die deterministiese standpunt hou beslis nie in, soos dit dikwels ten onregte opgevat word, dat die persoonlikheidsproses bloot van buite af bepaal word en dat die mens niks anders as die speelbal van sy omstandighede is nie. Verder hou dit ook nie in dat die mens die inwerking van omgewingsinvloede min of meer passief ondergaan nie.

Met die proses van die natuurlike ontwikkeling van die aangebore potensies en hoedanighede en die proses van die inwerking van invloede uit die omgewing kan die persoonlikheidsproses nie volledig beskrywe en afdoende verklaar word nie. Die individualiteit van die mens speel ook 'n rol, en wel deur die proses van die verwerking[1]) van omgewingsinvloede.

Die invloede wat uit sy omgewing op die mens oorgedra word, kry in sy lewensproses eers veroorsakende betekenis wanneer hy dit innerlik keur en aanvaar. Die inwerking van omgewingsinvloede kan alleen binne die persoonlikheidskausaliteit tot gelding kom, wanneer die mens self deur sy innerlike, psychiese aktiviteit daardie invloede verwerk het, sodat dit dan veroorsakende faktore word. Die proses van inwerking word m.a.w. 'n proses van veroorsaking alleen wanneer daar 'n proses van verwerking was.

Die bepaalde psychiese werksaamheid en die proses van innerlike verwerking bring ons tot die kern van die persoonlikheidsproses. Dit is ook in die ware sin van die woord die individualiteit van die mens omdat dit sy besondere werksaamheid in sy persoonlikheidsproses en lewensrigting is.

Die proses van die verwerking van omgewingsinvloede is die finale proses in die persoonlikheidskausaliteit, en veral in dié sin dat dit die synthese in die kausaliteit teweegbring. Juis om dié rede is hierdie proses so hoogs belangryk en kan die persoonlikheidsontwikkeling van die mens daaronder nie volledig beskrywe en juis verklaar word nie.

Om aan hierdie beskouing reg te laat geskied en om die

---

[1]) Die term „verwerking" waarmee ek hierdie proses baie raak kon aandui, is aan prof. W. A. Willemse ontleen.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

nodig wees om die bepaalde psychiese werksaamheid nader te aard van die synthese duidelik na vore te bring, sou dit wel omskrywe en te ontleed, en om veral ook meer noukeurig aan te toon watter rol dit in die persoonlikheidsproses speel. Dit sou ons egter verder voer as wat op die oomblik vir ons doel noodsaaklik is.

Alleen moet nog enkele opmerkinge gemaak word om die standpunt by hierdie geleentheid af te rond.

Die aandag moet b.v. daarop gevestig word dat dit alleen deur die verloop van hierdie verwerkingsproses verklaar kan word waarom die ,,aangeborene'' en die ,,verworwene'' binne die persoonlikheidsontwikkeling tot só 'n wesenlike eenheid word dat die een aspek skaars van die ander onderskei kan word.

Verder dien daarop gewys te word dat die proses van die aanvaarding en verwerking van omgewingsinvloede nie opgevat moet word as 'n werksaamheid wat steeds binne die bewuste psychiese lewe van die mens plaasvind nie. Dit is wel af en toe binne die bewuste psychiese lewe aan die gang, maar dit is tog by uitstek 'n proses wat binne die onderbewuste psychiese lewe sy verloop het.

Eindelik moet duidelikheidshalwe nog bygevoeg word dat die psychiese werksaamheid van die keuring en verwerking van omgewingsinvloede inhou dat daar ook die psychiese werksaamheid van die afwering en teenwerking van sodanige invloede sal wees, en wel na gelang van die algemene aard en rigting van die persoonlikheidsproses.

Na hierdie ontleding van die persoonlikheidsproses (al was dit maar net in hooftrekke) moes dit al duidelik geword het waar die persoonlikheidskausaliteit geleë is en wat die verloop daarvan is. Met 'n begrip hiervan volg ook die houdbaarheid en geldigheid van die deterministiese standpunt waarsonder geen wetenskaplike hom met vrug aan die bestudering van die persoonlikheid van die mens kan wy nie.

Die beskrywing en verklaring van die persoonlikheids-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

proses van die mens is egter nie die taak van net een wetenskap nie, maar van 'n hele aantal onderling afhanklike en wedersyds aanvullende wetenskappe. Dit blyk ongelukkig nie moontlik te wees om in hierdie uiteensetting die verband tussen hierdie bedoeling om aan te toon dat die sosiologie een van die weten- aanverwante wetenskappe te verduidelik nie. Dit is hier net die skappe is wat deel het aan die beskrywing en verklaring van die menslike lewensproses, en wel om twee redes, nl.

eerstens, nie alleen omdat die mens van nature 'n maatskaplike wese is nie, maar ook omdat die individueel-menslike faktore 'n belangryke rol speel in die sosiologiese kausaliteit; en

tweedens, omdat die maatskaplike werklikheid waarbinne die mens lewe, op elke aspek van sy persoonlikheidsproses bepalend inwerk.

Ten aansien van die bestudering van die lewensproses van die mens is die taak van die sosiologie tweeërlei, en wel

eerstens, om in die besonder aan die lig te bring wat die aard en ontwikkeling van die aangebore sosiale menslike potensie is en watter rol dit in die persoonlikheids- en maatskaplike prosesse speel; en om in die algemeen aan te toon wat die betekenis van die individueel-menslike faktore binne die sosiologiese kausaliteit is; en

tweedens, om vas te stel op watter wyse en in watter mate die maatskaplike werklikheid op die lewensproses van die mens inwerk en hoe die mens die inwerkende invloede psychies verwerk; en om in die algemeen die rol wat die maatskaplike veroorsaking binne die persoonlikheidskausaliteit speel, na vore te bring.

Terwyl die sosiologie tot dusver aan die mens nie voldoende aandag geskenk het en met die menslike nie genoeg rekening gehou het nie, behoort dit langs hierdie weg sy regmatige deel by te dra tot die bestudering van die menslike persoonlikheid. Dan sal die sosiologie ook met veel meer duidelikheid kan bepaal wat die samehang tussen die individueel-menslike en die maatskaplike eintlik is en wat die betekenis



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van die individueel-menslike faktore is in die veroorsaking van die maatskaplike werklikheid wat immers nie slegs *samelewing* is nie maar juis *menslike samelewing.*

Vervolgens sal ons nagaan wat bedoel word met die deterministiese standpunt ten aansien van die bestudering van die menslike samelewing, en wat, volgens hierdie standpunt, in die besonder die taak van die sosiologie in dié verband is.

Die menslike samelewing kan juister bestempel word as die maatskaplike werklikheid wat wel bestaan in en gedra word deur individuele persoonlikhede maar wat as totaliteit tog wesenlik bowe-individueel is. Hierdie stelling is fundamenteel. Die menslike samelewing is 'n besondere realiteit wat wesenlik anders is as elke ander realiteit, net soos die menslike persoonlikheid en die natuuromgewing besondere realiteite is. Wat die maatskaplike werklikheid van elke ander realiteit onderskei, is dat dit as totaliteit wesenlik sosiaal is. Daar is geen ander realiteit wat hierdie onderskeidende wesenskenmerk dra nie. Wat in die maatskaplike werklikheid as die kenmerkend reële geld, is in geen ander realiteit as onderskeidende wesenskenmerk reëel aanwesig is.

Met die begrip maatskaplike werklikheid kan ons bedoel, nie net 'n besondere gemeenskap nie, maar alle menslike gemeenskappe; ook nie net die hede van die gemeenskappe nie, maar daarby alles wat die hede voorafgegaan het. Kortom, alles wat is en was in alle menslike gemeenskappe wat is en was, kan onder die begrip maatskaplike werklikheid saamgevat word.

Die maatskaplike werklikheid is nie 'n statiese maar dynamiese realiteit. Voortdurend vind veranderinge daarin plaas. Dié veranderinge kom nie toevallig voor nie, maar word teweeggebring. Hul het ook geen willekeurige gang nie, maar vind plaas in 'n bepaalde rigting. Daar is kontinuïteit in alle sosiale verandering omdat dit teweeggebring word deur konstante en bestendige faktore. Alles wat in die samelewing plaasvind, geskied volgens reëlmaat, juis weer omdat alles oorsaaklik bepaal word. Die sosiale veranderinge wat aldus op reël-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

matige wyse en in 'n kontinue gang plaasvind, noem ons maatskaplike ontwikkeling. Juister kan ons dit egter in die algemeen bestempel as die sosiale proses.

Die begrip sosiale proses slaan egter op die algemene en abstrakte en nie op die besondere en konkrete nie. Daar is nie so iets soos één konkrete sosiale proses wat op die saamlewe van die ganse mensdom betrekking het nie, eenvoudig omdat die mensdom in sosiologiese sin geen organiese eenheid is nie. Vir die sosioloog bestaan die mensdom uit verskillende volksgemeenskappe wat by uitstek 'n kultuursosiologiese verskeidenheid is. Die besondere en konkrete verskynsels is in die verskillende gemeenskappe aanwesig; so ook is die besondere en konkrete ontwikkelingsprosesse daar aan die gang. Ten aansien van die ontwikkeling van elke gemeenskap kan dan van 'n gemeenskapsproses gepraat word.

In die algemeen gesproke verkeer die verskillende gemeenskappe op verskillende stadia van maatskaplike ontwikkeling. Die een is verder ontwikkeld as die ander. Wanneer ons hierdie ontwikkelingsverskeidenheid oorsigtelik en analyties bestudeer, dan kan ons die verskillende gemeenskappe volgens ontwikkelingsfases as 't ware na mekaar plaas, soos ons meen dat die stadia mekaar moes opgevolg het. Langs hierdie weg kan ons 'n algemene beeld van die sosiale ontwikkeling van die mensdom opbou. Ons noem dit die rekonstruksie van die algemene sosiale proses. Sodanige rekonstruksie sal egter steeds hypotheties en by benadering wees. Nietemin bly dit noodsaaklike en belangryke sosiologiese arbeid.

Volgens hierdie gedagtegang kan dus in die sosiologie onderskei word tussen gemeenskaps- en sosiale prosesse. Die begrip proses hou dan in dat die veranderinge deur konstante faktore reëlmatig teweeggebring word en verder dat die veranderdinge in breë trekke in 'n kontinue rigting plaasvind. Sonder 'n bestendige kausaliteit kan daar geen reëlmaat, geen kontinuïteit, geen proses wees nie. Sonder oorsaaklikheid sal die samelewing 'n volslae chaos wees en dit sal dan uit die aard van die saak nie moontlik wees om dit te beskrywe en te verklaar nie. Dit is wat die deterministiese standpunt inhou.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Wanneer die sosioloog hom dan, t.a.v. die bestudering van die maatskaplike werklikheid, op 'n deterministiese standpunt stel, dan beteken dit dat dit vir hom as postulaat geld dat alles wat in die samelewing plaasvind, elke verandering en ontwikkeling, deur konstante faktore reëlmatig teweeggebring word en dat daar in die gemeenskaps- en sosiale prosesse 'n bestendige veroorsaking bestaan.

Binne die sosiologiese kausaliteit bestaan drie komplekse van veroorsakende faktore wat wel in onderlinge wisselwerking tot mekaar staan en gevolglik nie van mekaar geskei word nie, maar tog onderskeibaar is. Hierdie drie komplekse van veroorsakende faktore is—

ten eerste, die maatskaplike faktore;

ten tweede, die individuele aanlegsfaktore; en

ten derde, die natuuromgewingsfaktore.

Allereers gaan ons in op die kausaliteit van die sosiale faktore.

Enige onderskeie realiteit dra in sigself oorsake vir sigself. Wanneer 'n bepaalde realiteit met geen ander realiteit wesenlik verbonde is nie, dan sal dit logies volg dat daardie besondere realiteit bloot selfveroorsakend sal wees. So 'n volkome op sigself staande realiteit word egter nêrens aangetref nie. Elke besondere realiteit staan in 'n bepaalde wesenlike verband met ander realiteite. Waar dit so is, volg daaruit dat hulle onderling die een op die ander sal inwerk en dat gevolglik geeneen van die realiteite bloot selfveroorsakend sal wees nie. Nietemin bly die inherente veroorsaking egter steeds die sentrale en kenmerkende kausaliteit.

Hierdie gedagtegang geld onweerspreeklik ten aansien van die maatskaplike werklikheid. Dit dra in sigself oorsake vir sigself maar is tog nie bloot selfveroorsakend nie, omdat dit in 'n wesenlike verband staan met ander realiteite, t.w. die menslike persoonlikheid en die natuuromgewing. Uit hierdie realiteite werk bepaalde faktore, nl. die individuele aanlegsfaktore en die natuuromgewingsfaktore, veroorsakend in op die maat-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

skaplike werklikheid. Tog het die sosiale verskynsels binne die sosiale werklikheid ook sosiale oorsake.

Wat is dan die sosiale oorsake, d.w.s. waarin bestaan die sosiale kausaliteit?

Die maatskaplike werklikheid bestaan uit 'n verskeidenheid van verskynsels wat onderling saamhang en gevolglik die een op die ander inwerk. Binne die maatskaplike werklikheid as totaliteit staan elke verskynsel direk of indirek met elke ander verskynsel in wesenlike verband en word gevolglik direk of indirek deur elke ander verskynsel beïnvloed. Net soos daar in die samelewing 'n verskeidenheid van verskynsels bestaan, is daar dus ook 'n veelheid van (maatskaplike) faktore aanwesig. Die sosiale kausaliteit kan gevolglik teruggevoer word tot die samehang en wisselwerking tussen die verskynsels binne die maatskaplike werklikheid as totaliteit; en na mate die samehang tussen die verskynsels direk of indirek is, in dié mate bestaan ook die wisselwerking en daarvolgens is die sterkteverhouding van die onderskeie veroorsakende faktore kragtig of swak. Langs dié weg kan 'n verklaring gevind word daarvoor dat ten aansien van enige bepaalde maatskaplike verskynsel daar steeds 'n veelheid van veroorsakende faktore bestaan, en ook daarvoor dat hierdie faktore nooit in gelyke sterkteverhouding aanwesig is nie.

'n Bepaalde verskynsel is egter nie onvoorwaardelik aan die inwerking van ander verskynsels blootgestel nie. Elke verskynsel het in sig iets eiens, d.i. iets besonders waarvolgens dit van ander verskynsels onderskei word. Ooreenkomstig dié eienheid bestaan tussen 'n bepaalde verskynsel en ander verskynsels weinig of veel „afstand" en gevolglik weinig of veel wisselwerking. Dit is as't ware 'n soort keuring wat van die eienheid van die bepaalde verskynsel teenoor ander verskynsels uitgaan. Daarvolgens vind dan plaas 'n aanvaarding en verwerking of afwering en teenwerking van die invloede wat vanuit die ander verskynsels inwerk. Hierdie inwerking en keuring binne die samehang van die verskynsels kan teruggevoer word tot die psychiese werksaamheid van die persoonlikhede wat ten aansien van besondere verskynsels, binne die maatskaplike werklikheid in onderlinge verband staan en ooreenkomstig hul per-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

soonlikheidsprosesse die draers van die besondere verskynsels is. Per slot van sake is dit dus die werksaamheid van die *eienheid* van die verskynsel wat bestaan in die psychiese werksaamheid van die persoonlikhede wat, in hulle onderlinge *sosiale verband*, die draers van die verskynsel is. Langs dié weg verloop die kausaliteit van die sosiale faktore.

Vervolgens gaan ons in op die kausaliteit van die individuele aanlegsfaktore.

Daar bestaan 'n wesenlike verband tussen elke persoonlikheidsrealiteit en die sosiale realiteit. Elke persoonlikheid word in sy ontwikkeling, volgens sy eie besondere aanleg, deelhebber aan en mede-draer van die maatskaplike werklikheid, waarin elke individuele aanleg sig laat geld. Hieruit volg dit dat die individuele aanlegsfaktore van betekenis is in die kausaliteit van die samelewing en sy verskynsels.

Ons weet dat die mens se aangebore aanleg hom nie onverbiddelik tot 'n bepaalde lewenswyse predestineer nie, maar hom alleen tot besondere doen en late predisponeer. Die menslike doen en late is steeds deel van die sosiale werklikheid. Dit behoef hier alleen gekonstateer te word dat die individuele aanlegsfaktore ten aansien van die maatskaplike werklikheid en die maatskaplike verskynsels 'n predisponerende werking het. Dit is, soos straks sal blyk, die sosiale eienheid wat die deurslag gee.

Eindelik kan ons kortliks stilstaan by die kausaliteit van die natuuromgewingsfaktore.

Die menslike samelewing bestaan altyd êrens; en daar is steeds 'n onmiskenbare verband tussen die maatskaplike werklikheid en sy natuuromgewing aanwesig. Dit is nie nodig om hier verder daarop in te gaan nie. Alleen dien gekonstateer te word dat, ten aansien van die veroorsaking van die maatskaplike werklikheid en sy verskynsels, die natuuromgewingsfaktore ook 'n predisponerende werking het, hoewel dit oor die algemeen meer indirek as direk is en met die ontwikkeling van die samelewing steeds meer van sekundêre betekenis word. Nie-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

temin sal dit in die sosiologiese kausaliteit nooit buite rekening gelaat kan word nie.

Uit hierdie beknopte ontleding (al het dit net die hooftrekke geraak), het dit al duidelik geword dat binne die sosiologiese kausaliteit, wat meer is as blote sosiale veroorsaking, 'n drieërlei kausaliteit onderskei moet word, nl.

ten eerste, die kausaliteit van die sosiale faktore;

ten tweede, die kausaliteit van die individuele aanlegsfaktore; en

ten derde, die kausaliteit van die natuuromgewingsfaktore.

Die sosiologiese kausaliteit is die synthese van hierdie drieërlei veroorsaking; en dit is die eienheid van die sosiale realiteit wat deur 'n beskikkende en deurslaggewende werking die synthese teweegbring.

Hiermee het ons dan 'n uiteensetting gegee van wat die deterministiese standpunt ten aansien van die bestudering van die maatskaplike werklikheid inhou; en ook die sosiologiese kausaliteit in hooftrekke ontleed. Langs die weg van hierdie besondere denkwyse sal die sosioloog die beste kan geraak tot 'n noukeurige beskrywing en 'n kausale verklaring van die menslike samelewing, die verskynsels wat daarin voorkom en die prosesse wat daarin aan die gang is. Hiervan sal u natuurlik nie aflei dat ek wil beweer dat die sosiologie as die algemene maatskappywetenskap die ander wetenskappe wat op die gebied van die menslike samelewing werksaam is, moet vervang of verdring nie. Trouens, die differensiasie onder die maatskappywetenskappe gaan nog steeds verder sonder dat die gemeenskaplike studiegebied versnipper of die onderlinge samehang van hierdie wetenskappe enigsins aangetas word. Eintlik was dit noodsaaklik om in dié verband 'n uiteensetting te gee van die verhouding van die sosiologie tot sy aanverwante wetenskappe. Noodgedwonge moet ons dit egter by hierdie geleentheid agterweë laat.

Ten opsigte van die besondere taak van die sosiologie moet ons egter nog kortliks saamvat.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

U aandag is gevestig op die taak van sosiologie—

eerstens, ten aansien van die beskrywing en verklaring van die menslike persoonlikheid; en,

tweedens, ten aansien van die beskrywing en verklaring van die menslike samelewing.

Dit het egter geblyk dat tussen die individueel-menslike en die maatskaplike 'n wesenlike en onverbreeklike onderlinge saamhang bestaan. Hieruit volg dit noodwendig dat die bestudering van die menslike persoonlikheid en die bestudering van die menslike samelewing in die grond van die saak niks anders is nie as twee onderskeie aspekte van die algemene taak van die sosiologie as wetenskap.

Die essensiële eenheid van die geestes- en maatskappywetenskappe bestaan dan ook daarin dat hulle werksaam is op 'n gemeenskaplike gebied wat as wesenlike eenheid bestempel kan word, nl. die menslike persoonlikheid en die menslike samelewing.

Na die voorafgaande uiteensetting behoef oor die deterministies-sosiologiese standpunt eintlik niks meer gesê te word nie. Dit het seker vir u duidelik geword dat dit nie so 'n skrikwekkende kettery is soos dit soms wel voorgestel word nie.

Die deterministiese standpunt is maar net die beskouing dat alles wat was en is in die menslike persoonlikheid en in die menslike samelewing op 'n reëlmatige en kontinue wyse teweeggebring is deur 'n bestendige en naspoorbare veroorsaking en dat dit daarom moontlik is om die menslike persoonlikheid en die menslike samelewing in hul ontwikkeling noukeurig te beskrywe en wetenskaplik te verklaar.

Een daarmee kan volstaan word.

Meneer die Rektor, dit is vir my 'n eer en 'n voorreg dat ek hiermee die professoraat in die sosiologie aan die Universiteit van Pretoria mag aanvaar. Ten volle besef ek die gewigtigheid van die taak wat aan my toevertrou is. Dit sal steeds my



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

strewe wees om die wetenskap te dien, om die Universiteit te dien, en om langs dié weg ook my volk te dien.

Kollega's van die Senaat, graag wil ek u by hierdie geleentheid verseker van my opregte dank vir die ondersteuning wat ek van u ontvang het in my poginge om aan ons Universiteit vir die sosiologie 'n blywende plek te verkry. Die meeste van u is beoefenaars van wetenskappe wat reeds oud is maar nog nie verouderd nie. Die sosioloog sluit hom by u geledere aan as die beoefenaar van 'n wetenskap wat nog jonk is maar tog nie meer jeugdig nie.

'n Besondere woord van dank moet ek rig aan u, Professor H. G. Viljoen, vir die groot aandeel wat u as Dekaan van die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte gehad het aan die bestendiging van die sosiologie as studievak en aan die instelling van hierdie professoraat. Ontvang daarvoor my hoë waardering.

Dames- en Herestudente, die sosiologie as universitêre studievak is tot u beskikking gestel. Dit is voorwaar bemoedigend dat daar vanjaar meer as 130 onder u is wat hierdie vak naas ander vakke bestudeer. Deur die ywer wat u aan die dag gelê het, het u 'n belangryke bydrae gelewer tot die vordering wat die sosiologie gedurende die afgelope paar jaar aan ons Universiteit gemaak het. Vir die toekoms sal op u toewyding gereken word.

Dames en Here, ek dank u vir u welwillende gehoor.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

### *Reeks IV : Intreeredes.*

No. 1. KRITZINGER, M. S. B.—
Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit van Pretoria.

No. 2. DUMINY, J. P.—
Die Wiskunde en Filosofie.

No. 3. SKAWRAN, P. R.—
Die Sintetiese Studie van die Persoonlikheid.

No. 4. GEY VAN PITTIUS, E. F. W.—
Volksregering met Besondere Verwysing na S.A.

No. 5. COERTZE, L. IGN.—
Watter Regsisteem Beheers die Verhouding tussen Owerheid en Onderdaan in die Unie, Romeins-Hollandse Reg of Engelse Reg?

No. 6. BOKHORST, M.—
Kultuur van 'n Waterland.

No. 7. VILJOEN, S. P.—
Die Voortbestaan van die Blanke Ras.

No. 8. ENGELBRECHT, J. A.—
Die Wordings- en Verwordingsgeskiedenis van die Koranna.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services